Volwasse pasiënte: 'n Enkel, 70 mg ladingsdosis moet op Dag 1 toegedien word, gevolg deur 50 mg daarna.
Duur van die behandeling: Die duur van behandeling van indringende kandidiase moet gebaseer word op die kliniese- en mikrobiologiese reaksie van die pasiënt. Oor die algemeen moet fungus infeksie behandeling voortduur vir ten minste 14 dae na die laaste positiewe kultuur. Pasiënte wat aanhoudend neutropenies bly, kan 'n langer behandelingskursus regverdig afhangende van die opklaring van die neutropenie.
Die veiligheid en effektiwiteit van meervoudige doserings tot en met 150 mg per dag (wykreidte: 1 tot 51 dae; mediaan: 14 dae) is bestudeer in volwasse pasiënte met indringende kandidiase. CASFIN was oor die algemeen goed verdra in hierdie pasiënte wat CASFIN teen hierdie hoër dosering ontvang het; die effektiwiteit van CASFIN by hierdie hoër dosering was egter oor die algemeen soortgelyk aan die van pasiënte wat die daaglikse 50 mg dosering van CASFIN ontvang het.

Esofagus- en orofaringeale kandidiase
Vyftig (50) mg moet daagliks toegedien word.

Indringende aspergillose
Volwasse pasiënte: 'n Enkel 70 mg ladingsdosis moet op Dag 1 toegedien word, gevolg deur 50 mg daagliks daarna. *Duur van behandeling*: Duur van behandeling moet gebaseer wees op die erns van die pasiënt se onderliggende siekte, herstel van immuunonderdrukking en kliniese reaksie. Die effektiwiteit van 'n 70 mg dosis regime in pasiënte wat nie klinies reageer op die 50 mg daaglikse dosis nie, is nie bekend nie. Veiligheidsdata dui daarop dat 'n toename in dosering tot 70 mg per dag, goed verdra word. Die effektiwiteit van doserings bo 70 mg is nie voldoende bestudeer in pasiënte met indringende aspergillose nie.

Gelyktydige toediening met metaboliese induseerders
'n Daaglikse dosis van 70 mg moet oorweeg word wanneer CASFIN saam met efavirens, nevirapien, rifampisien, deksametasoon, fenitoïen of karbamasepien toegedien word (sien afdeling 4.5).

Spesiale populasies
Geen dosisaanpassing, is nodig gebaseer op geslag of ras nie (sien afdeling 5.2).
Bejaarde pasiënte
In bejaarde pasiënte (65 jaar oud of ouer) is geen dosisaanpassing nodig nie.
Renale inkorting
Geen dosisaanpassing is nodig gebaseer op renale inkorting nie (sien afdeling 5.2).

Hepatiese inkoring
Vir volwasse pasiënte met ligte hepatiese inkorting (Child-Pugh-telling 5 tot 6) is geen dosisaanpassing nodig nie. Vir volwasse pasiënte met matige hepatiese inkorting (Child-Pugh-telling 7 tot 9) word daaglikse dosisse van 35 mg aanbeveel, gebaseer op farmakokinetiese data. Waar aanbeveel, moet 'n aanvanklike ladingsdosis van 70 mg egter op Dag-1 toegedien word. Daar is geen kliniese ondervinding in volwasse pasiënte met 'n ernstige hepatiese inkorting, (Child-Pugh-telling groter as 9) en in pediatriese pasiënte met enige graad van hepatiese inkorting nie (sien afdeling 4.4).

Pediatriese populasie
Dosering in kinders en adolessente (3 maande tot 17 jaar oud) moet gebaseer word op die pasiënt se liggaamsoppervlakarea (sien afdeling 6.6, Gebruiksaanwysings vir gebruik in Pediatriese Pasiënte, Mosteller[1]-Formule).
Vir alle indikasies moet 'n enkel 70 mg/m² ladingsdosis (om nie 'n werklike daaglikse dosis van 70 mg te oorskry nie) op Dag 1 toegedien word, gevolg deur 50 mg/m² daarna (om nie 'n werklike daaglikse dosis van 70 mg te oorskry nie).
Duur van die behandeling moet volgens die indikasie geïndividualiseer word, soos beskryf vir elke indikasie in volwassenes.
Indien die daaglikse dosis van 50 mg/m² goed verdra word, maar nie voldoende kliniese reaksie lewer nie, kan die daaglikse dosis verhoog word tot 70 mg/m² (moet nie 'n werklike daaglikse dosis van 70 mg oorskry nie). Alhoewel 'n toename in effektiwiteit met 70 mg/m² per dag nie aangetoon is nie, dui beperkte veiligheidsdata daarop dat 'n toename in dosering tot 70 mg/m² per dag goed verdra is.
Wanneer CASFIN gelyktydig met metaboliese induseerders soos rifampien, efavirens, nevirapien, fenitoïen, deksametasoon of karbamasepien, toegedien word aan pediatriese pasiënte, moet gebruik van 'n CASFIN dosering van 70 mg/m² per dag (moet nie die werklike daaglikse dosering van 70 mg oorskry nie) oorweeg word

Metode van toediening
CASFIN moet toegedien word deur stadige intraveneuse infusie oor ongeveer 1 uur. Vir hersamestellingsriglyne en gebruiksaanwysings, sien afdeling 6.6.
Beide 50 mg en 70 mg flessies is beskikbaar.
CASFIN moet as 'n enkel daaglikse infusie gegee word.
[1]*Mosteller RD: Simplified Calculation of Body Surface Area. N Engl J Med 1987 Oct 22;317(17):1098 (letter).*

4.3 Kontraindikasies
- Hipersensitiwiteit vir kaspofungien of vir enige van die onaktiewe bestanddele van CASFIN (sien afdeling 6.1)
- Ernstige hepatiese inkorting, aangesien effektiwiteit en veiligheid nie bestudeer is nie.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
Hipersensitiwiteits reaksies
Anafilakse is aangemeld tydens toediening van CASFIN. Indien dit gebeur, moet CASFIN gestaak word en toepaslike behandeling toegedien word. Moontlike histamien-gemedieerde ongunstige reaksies, insluitend veluitslag, swelling van die gesig, angioëdeem, pruritus, gevoel van warmte, of brongospasma is aangemeld en mag staking en/of toediening van toepaslike behandeling vereis.

Nie-Candida-giste en nie-Aspergillus-swamme
Beperkte data dui daarop dat minder algemene nie-*Candida*-giste en nie-*Aspergillus*-swamme, nie deur CASFIN gedek word nie. Die effektiwiteit van CASFIN teen hierdie fungus patogene is nie vasgestel nie.

Gelyktydige gebruik met siklosporien
Data oor die gesamentlike gebruik van CASFIN met twee, 3 mg/kg doserings van siklosporien, het verbygaande verhogings in alanientransaminase (ALT) en aspartaattransaminase (AST) van minder as, of gelyk aan, 3-voudig die boonste limiet van normaal (BLN) getoon, wat met staking van die behandeling opgeklaar het. Daar is 'n toename van ongeveer 35 % in die area onder die kurwe (AOK) van kaspofungien, daarom moet oukeurige monitering van lewerensieme oorweeg word indien CASFIN en siklosporien gelyktydige gebruik word. Bloedvlakke van siklosporien het onveranderd gebly.

Hepatiese inkorting
In volwasse pasiënte met ligte en matige hepatiese inkorting, verhoog die AOK onderskeidelik ongeveer 20 % en 75 %. 'n Vermindering van die daaglikse dosis tot 35 mg, word aanbeveel vir volwassenes met matige hepatiese inkorting. Daar is geen kliniese ondervinding in volwassenes met ernstige hepatiese inkorting of in pediatriese pasiënte met enige graad van hepatiese inkorting nie. 'n Hoër blootstelling word verwag as in matige hepatiese inkorting, en kaspofungien moet met versigtigheid in hierdie pasiënte gebruik word (sien afdelings 4.2 en 5.2).

Lewerfunksie toetse
Laboratoriumafwykings in lewerfunksietoetse is gesien in gesonde vrywilligers en volwassenes en pediatriese pasiënte wat met CASFIN behandel is. In sommige volwasse- en pediatriese pasiënte met ernstige onderliggende toestande wat veelvuldige gelyktydige middels saam met CASFIN ontvang het, is gevalle van kliniese beduidende hepatiese disfunksie, hepatitis en lewerversaking aangemeld; 'n oorsaaklike verband met CASFIN is nie vasgestel nie. Pasiënte wat abnormale lewerfunksietoetse ontwikkel tydens behadeling met CASFIN, moet gemonitor word vir bewyse van verswakkende hepatiese funksie en die risiko/voordeel van voortgesette CASFIN behandeling moet geherevalueer word.

Allergiese velreaksies
Gevalle van Stevens-Johnson-sindroom (SJS) en toksiese epidermale nekrolise (TEN), is aangemeld met die na-bemarking gebruik van CASFIN. Versigtigheid moet toegepas word in pasiënte met 'n geskiedenis van allergiese velreaksies (sien afdeling 4.8).

Bevat sukrose
CASFIN bevat sukrose wat 'n effek op die glukemiese beheer van pasiënte met diabetes mellitus kan hê. Pasiënte met seldsame oorerflike toestande soos fruktose-onverdraagsaamheid, glukose-galaktose wanabsorpsie of sukrase-isomaltase ontoereikendheid, moet nie CASFIN gebruik nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Data dui aan dat kaspofungien nie 'n inhibeerder van enige ensiem in die sitochroom P450 (SIP) stelsel is nie. Dit is gedokumenteer dat kaspofungien nie die SIP3A4 metabolisme van ander stowwe induseer nie. Kaspofungien is nie 'n substraat vir P-glikoproteïen nie, en is 'n swak substraat vir sitochroom P450 ensieme.

Siklosporien
Dit is gedokumenteer dat siklosporien (een dosering van 4 mg/kg of twee doserings van 3 mg/kg 12 uur uitmekaar) die AOK van kaspofungien met ongeveer 35 % verhoog het. Hierdie AOK -verhogings is waarskynlik te wyte aan die verminderde opname van kaspofungien deur die lewer. CASFIN het nie die plasmavlakke van siklosporien verhoog nie. Daar was kortstondige toenames in lewer-ALT en AST van minder as of gelyk aan 3-voudig die boonste limiet van normaal (BLN) wanneer CASFIN en siklosporien gelyktydig toegedien is, wat opgeklaar het met die staking van CASFIN. In 'n retrospektiewe studie van 40 pasiënte wat behandel is tydens bemarkingsgebruik met kaspofungien en siklosporien vir 1 tot 290 dae (mediaan 17,5 dae), is geen ernstige hepatiese ongunstige reaksies aangeteken nie (sien afdeling 4.4). Noukeurige monitering van lewerensieme moet oorweeg word indien die twee medisynes gelyktydig gebruik word.

Takrolimus
CASFIN verminder die 12-uur bloedkonsentrasie van takrolimus met 26 % in gesonde volwasse vrywilligers. Vir pasiënte wat beide behandelings ontvang, is standaardmonitering van takrolimus bloedkonsentrasies en toepaslike dosisaanpassings van takrolimus verpligtend.

Ander medisyne
Data toon dat die farmakokinetika van kaspofungien, soos in CASFIN, nie verander word deur itrakonasool, amfoterisien-B, mikofenolaat, nelfinavir of takrolimus nie. CASFIN het nie die farmakokinetika van amfoterisien-B, itrakonasool, rifampisien of mikofenolaatmofetiel beïnvloed nie.

Rifampisien en ander medisyne wat metaboliese ensieme induseer
Resultate van kliniese interaksie studies dui aan dat rifampisien beide die kaspofungien ingesteldheid induseer en inhibeer, met netto induksie by gelykvlak. Boonop dui die resultate van populasie farmakokinetiese ondersoek in volwassenes aan dat gelyktydige toediening van ander geneesmiddel opruimingsinduseerdes (efavirens, nevirapien, fenitoïen, deksametasoon of karbamasepien) met CASFIN ook klinies betekenisvolle verlagings in kaspofungien konsentrasies kan veroorsaak. Beskikbare data dui daarop dat die induseerbare geneesmiddel opruimingsmeganisme wat betrokke is in kaspofungien disposisie, waarskynlik 'n opname vervoerproses is, eerder as metabolisme. Wanneer CASFIN dus gelyktydig saam met induseerders van geneesmiddelopruiming, soos efavirens, nevirapien, rifampisien, deksametasoon, fenitoïen of karbamasepien aan volwasse pasiënte toegedien word, moet die daaglikse dosis van 70 mg CASFIN oorweeg word (sien afdeling 4.2).

Amfoterisien B
In vitro en *in vivo* studies van kaspofungien asetaat, in kombinasie met amfoterisien B, toon geen antagonisme van antifungus aktiwiteit teen of *A. fumigatus* of *C. albicans* nie. Resultate van *in vitro* studies dui daarop dat daar bewyse was van toevoeging/onverskillige of sinergistiese aktiwiteit teen *A. fumigatus* en toevoeging/onverskillige aktiwiteit teen *C. albicans*. Die kliniese betekenis van hierdie resultate is onbekend.

Pediatriese populasie
In pediatriese pasiënte dui die resultate van regressie ontleding van farmakokinetiese data aan dat gelyktydige toediening van deksametasoon met CASFIN klinies betekenisvolle verlagings in kaspofungien, soos in CASFIN, kan veroorsaak, trog konsentrasies. Hierdie bevinding kan daarop dui dat pediatriese pasiënte soortgelyke verminderings met induseerders sal hê as gesien in volwassenes. Wanneer CASFIN gelyktydig toegedien word aan pediatriese pasiënte (12 maande tot 17 jaar oud) met induseerders van medisyne, soos rifampisien, efavirens, nevirapien, fenitoïen, deksametasoon of karbamasepien, moet 'n verhoging in die daaglikse dosering van CASFIN oorweeg word (sien afdeling 4.2)

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie
Swangerskap
Daar is geen, of beperkte inligting oor die gebruik van CASFIN in swanger vrouens. CASFIN moet nie tydens swangerskap gebruik word nie.
Borsvoeding
Die is onbekend of kaspofungien in menslike melk uitgeskei word. Vrouens wat CASFIN ontvang, moet nie hul babas borsvoed nie.
Fertiliteit
Vir kaspofungien was daar geen effekte op vrugbaarheid in studies wat uitgevoer is in manlike en vroulike rotte nie. Daar is geen kliniese data vir kaspofungien om die impak daarvan op fertiliteit te bepaal nie.

4.7 Effekte op vermoë om te bestuur en gebruik van masjiene
Daar is geen data beskikbaar oor of CASFIN 'n invloed het op die vermoë om te bestuur en om masjiene te gebruik nie. Pasiënte moet versigtig wees wanneer hulle bestuur of masjinerie gebruik en moet aangeraai word om nie te bestuur of masjinerie te gebruik indien hulle ongewenste simptome ondervind nie (sien afdeling 4.8).

4.8 Ongewenste effekte
a. Opsomming van die veiligheidsprofiel
Hipersensitiwiteitsreaksies (anafilakse en moontlik histamienbemiddelde ongunstige reaksies) is aangemeld (sien afdeling 4.4).
In pasiënte met indringende aspergillose is pulmonale edeem, volwasse respiratoriese noodsindroom (VRNS) en radiografiese infiltrate, ook aangemeld.
Flebitis was 'n gereelde aangemelde lokale ongunstige reaksie by die inspuitplek in alle pasiëntpopulasies gewees. Ander lokale reaksies het eriteem, pyn/ teerheid, jeuk, afskeiding en 'n brandende sensasie ingesluit.
Aangemelde kliniese en laboratoriumafwykings onder alle volwassenes was tipies lig en het minder gereeld tot staking gelei.

b. Opsomming van nadelige reaksies in tabelvorm
Die volgende nadelige reaksies is aangemeld tydens kliniese studies, en/of na bemarkingsgebruik:

MedDRA Sisteem Orgaan Klas	Frekwensie	Newe effekte
Bloed- en limfstelselversteurings	Gereeld	Verminderde hemoglobien, verminderde hematokrit, verminderde witbloedseltelling, anemie
	Minder gereeld	Trombositopenie, koagulopatie, leukopenie, verhoogde eosinofieltelling, verlaagde bloedplaatjietelling, verhoogde bloedplaatjietelling, verminderde limfosiettelling, verhoogde witbloedseltelling, verminderde neutrofieltelling
Metabolisme en voedingsversteurings	Gereeld	Hipokalemie
	Minder gereeld	Vloeistofoorlading, hipomagnesemie, anoreksie, elektrolietwanbalans, hiperglukemie, hipokalsemie, metaboliese asidose
Psigiatriese versteurings	Minder gereeld	Angstigheid, disoriëntasie, slaaploosheid
Senuweestelsel versteurings	Gereeld	Hoofpyn
	Minder gereeld	Duiseligheid, disgeusie, parestesie, slaperigheid, bewing, hipoëstesie
Oog versteurings	Minder gereeld	Okulêre ikterus, dowwe visie, ooglidedeem, verhoogde lakrimasie
Kardiale versteurings	Minder gereeld	Palpitasies, tagikardie, disritmieë, arteriale fibrillasie, kongestiewe hartversaking
Vaskulêre versteurings	Gereeld	Flebitis, tromboflebitis
	Minder gereeld	Blosing, warm gloed, hipertensie hipotensie
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	Gereeld	Dispnee
	Minder gereeld	Neuskongestie, faringolaringeale pyn, tagipnee, brongospasma, hoes, dispnee, nagtelike paroksimale, hipoksie, geraas, gehyg
Gastroïntestinale versteurings	Gereeld	Naarheid, diarree, braking
	Minder gereeld	Abdominale pyn, boonste abdominale pyn, droë mond, dispepsie, ongemak in die maag, abdominale distensie, askites, hardlywigheid, disfagie, flatulensie
Hepatobiliêre versteurings	Gereeld	Verhoogde lewerwaardes (alanien aminotransferase, aspartaat aminotransferase, alkaliese fosfatase in die bloed, gekonjugeerde bilirubien, bloedbilirubien)
	Minder gereeld	Cholestase, hepatomegalie, hiperbilirubinemie, geelsug, abnormale lewerfunksie, hepatotoksisiteit, lewerversteuring, verhoogde gamma-glutamieltransferase
Vel en subkutaneuse weefsel versteurings	Gereeld	Veluitslag, pruritus, eriteem, hiperhidrose
	Minder gereeld	Multiforme eriteem, makulêre uitslag, makulopapulêre uitslag, pruritiese uitslag, urtikarie, allergiese dermatitis, algemene pruritus, eritemateuse uitslag, algemene uitslag, morbillivormige uitslag, velletsel
	Frekwensie onbekend	Toksiese epidermale nekrolise, Stevens-Johnson-sindroom
Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenversteurings	Gereeld	Artralgie
	Minder gereeld	Rugpyn, pyn in die ledemate, beenpyn, spierswakheid, mialgie
Renale- en urinêre versteurings	Minder gereeld	Nierversaking, akute nierversaking
Algemene versteurings en toedieningsplek toestande	Gereeld	Pireksie, koue rillings, pruritus by die infusieplek
	Minder gereeld	Pyn, pyn by die kateterplek, moegheid, koue gevoel, warm gevoel, eriteem by die infusieplek , infusieplek verharding, pyn by die infusieplek, swelling by die infusieplek, flebitis by die inspuitplek, perifere edeem, teerheid, borskas ongemak, borspyn, gesigs edeem, gevoel van liggaamstemperatuur verandering, verharding, ekstravasering by die infusieplek, irritasie by die infusieplek, flebitis op die infusieplek, uitslag by die infusieplek, infusieplek urtikarie, eriteem by die inspuitplek, edeem by die inspuitplek, pyn op die inspuitplek, swelling van die inspuitplek, malaise, edeem
Ondersoeke	Gereeld	Verhoogde lewertoetswaardes (aspartaat transaminase (AST)), alanientransaminase (ALT), alkaliese fosfatase, direkte en totale bilirubien) verminderde hemoglobien, verminderde hematokrit, lae kalium, lae albumien, verminderde witbloedselle
	Minder gereeld	Verhoogde bloedkreatinien, urien positiewe rooibloedselle, verminderde totale proteïen, proteïenurien teenwoordig, verlengde protrombientyd, verkorte protrombientyd, verminderde bloednatrium vlak, verhoogde bloednatrium vlak, verminderde kalsium in die bloed, verhoogde kalsium in die bloed, verlaagde bloedchloried, verhoogde bloedglukose, verminderde bloedmagnesium, verlaagde bloedfosfor, verhoogde bloedfosfor, verhoogde bloedureum, verlengde geaktiveerde gedeeltelike tromboplastientyd, verlaagde bloedbikarbonaat, verhoogde bloedchloried, verhoogde bloedkalium, verhoogde bloeddruk, verminderde uriensuur in die bloed, bloed urien teenwoordig, abnormale asemgeluide, verlaagde koolstofdioksied, verhoogde immuunonderdrukkende medisynevlak, verhoogde internasionale genormaliseerde verhouding, urinêre stortings, urien positiewe witbloedselle, en verhoogde urien pH

Pediatriese pasiënte
Die mees gereelde ongunstige ervarings wat aangemeld is in pediatriese pasiënte wat met CASFIN behandel is, was koors, veluitslag en hoofpyn.

MedDRA Sisteem Orgaan Klas	Frekwensie	Newe effekte
Bloed- en limfstelselversteurings	Gereeld	Verhoogde eosinofieltelling
Senuweestelsel versteurings	Gereeld	Hoofpyn
Kardiale versteurings	Gereeld	Tagikardie
Vaskulêre versteurings	Gereeld	Blosing, hipotensie
Hepatobiliêre versteurings	Gereeld	Verhoogde lewerensiemvlakke (AST, ALT)
Vel en subkutaneuse weefsel versteurings	Gereeld	Veluitslag, pruritus
Algemene versteurings en toedieningsplek toestande	Gereeld	Koors, koue rillings, pyn by die kateterplek
Ondersoeke	Gereeld	Verhoogde lewerensiemvlakke (AST, ALT) verlaagde kalium, hipomagnesemie, verhoogde glukose, verminderde fosfor, en verhoogde fosfor, verhoogde eosinofiele.

Aanmelding van vermoedelike ongewenste reaksies
Aanmelding van vermoedelike ongewenste reaksies na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit laat volgehoue monitering van die voordeel/risiko balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike ongewenste reaksies by SAHPRA aan te meld via die **"6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form"**, wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering
'n Dosis van 210 mg, toegedien as 'n enkel dosering aan gesonde volwasse proefpersone, is oor die algemeen goed verdra. Daarby is 'n dosering van 150 mg, toegedien aan volwasse pasiënte, een keer per dag vir tot 51 dae, oor die algemeen goed verdra.
Onopsetlike toediening van tot 400 mg van kaspofungien op een dag is aangemeld. Hierdie gebeure het nie klinies belangrike ongewenste reaksies tot gevolg gehad nie. Kaspofungien is nie dialiseerbaar nie.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Farmakoterapeutiese groep: antimikotikum vir sistemiese gebruik ATC-kode: J02AX04. A 20.2.2 Antimikrobiese (chemoterapeutiese) middels: Fungisiede.

Werkingsmeganisme
Kaspofungien asetaat inhibeer die sintese van beta (1,3) -D-glukaan, 'n noodsaaklike komponent van die selwand van baie filamentagtige fungi en gis. Beta (1,3) -D-glukaan is nie teenwoordig in soogdierselle nie.

Kruisweerstandigheid
Kaspofungien asetaat is aktief teen *Candida* soorte met 'n intrinsieke of verworwe weerstand teen flukonasool, amfoterisien B of flusitosien, wat ooreenstem met hul verskillende werkingsmeganismes.

Weerstandsmeganisme
Mutante van *Candida* met 'n verminderde vatbaarheid vir kaspofungien is in sommige pasiënte tydens behandeling geïdentifiseer. MIK (minimum-inhiberende-konsentrasie) waardes vir kaspofungien moet nie gebruik word om kliniese uitkoms te voorspel nie, aangesien 'n korrelasie tussen MIK waardes en kliniese uitkoms nie vasgestel is nie.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Verspreiding
Plasmakonsentrasies van kaspofungien neem af in 'n polifasiese manier na enkel 1-uur intraveneuse infusies. 'n Kort alfa-fase vind onmiddellik na infusie plaas, gevolg deur 'n beta-fase met 'n halfleeftyd van 9 tot 11 ure, wat kenmerkend is vir 'n groot deel van die profiel en 'n duidelike loglineêre gedrag toon, vanaf 6 tot 48 ure na dosering, waartydens die plasmakonsentrasie 10-voudig afneem. 'n Bykomende gamma-fase vind ook plaas (halfleeftyd 40 tot 50 ure). Verspreiding, eerder as uitskeiding of biotransformasie, is die dominante meganisme wat plasma-opruiming beïnvloed.
Kaspofungien is omvattend gebind aan albumien (ongeveer 97 %), en verspreiding in rooibloedselle is minimaal. Massabalans resultate het getoon dat ongeveer 92 % van die toegediende radioaktiwiteit, teen 36 tot 48 uur na 'n enkel 70 mg dosis [³H] kaspofungien asetaat, na weefsel versprei het. Daar is min uitskeiding of biotransformasie van kaspofungien gedurende die eerste 30 uur na toediening.

Biotransformasie
Kaspofungien word stadig gemetaboliseer deur hidrolise en N-asetilering, en ondergaan spontane chemiese afbraak na 'n oopring-peptiedverbinding.
Na enkeldosis toediening van [³H] kaspofungien asetaat, is daar op latere tydpunte 'n lae vlak van kovalente binding van radio-merk in plasma, wat moontlik kan wees as gevolg van twee reaktiewe tussenstowwe wat gevorm word tydens die chemiese afbraak van kaspofungien. Addisionele metabolisme behels hidrolise in samestellende aminosure en hul derivate, insluitend dihidroksiehomotirosien en *N*-asetiel-dihidroksiehomotirosien. Hierdie twee tirosienderivate word slegs in uriene aangetref, wat dui op vinnige opruiming van hierdie derivate deur die niere.

Eliminasie
In enkeldosis radio-gemerkte farmakokinetiese studies is plasma, uriene en feses oor 27 dae versamel, of plasma is oor 6 maande versamel. Ongeveer 75 % van die radioaktiwiteit is herwin: 41 % in uriene en 34 % in feses. Plasmakonsentrasies van radioaktiwiteit en van kaspofungien was soortgelyk gedurende die eerste 24 tot 48 uur na dosering; daarna het die medisynevlakke vinniger gedaal. In plasma het die kaspofungienkonsentrasies, na 6 tot 8 dae na dosering, geval tot onder die kwantifiseringslimiet, terwyl radio-merk teen 22,3 weke na die dosering, tot onder die kwantifiseringslimiet geval het. Renale opruiming van moederstof is laag (ongeveer 0,15 ml/min).
'n Klein hoeveelheid van kaspofungien word onveranderd in die uriene uitgeskei (ongeveer 1,4 % van die dosis).

Lineariteit/nie-lineariteit
Kaspofungien vertoon matige nie-lineêre farmakokinetika met verhoogde akkumulasie namate die dosis verhoog word, en 'n dosisafhanklikheid in die tyd om 'n gelykvlak te bereik op meervoudige toediening.

Spesiale populasies
Gewig: Daar is gevind dat gewig die farmakokinetieka van kaspofungien, in die populasie farmakokinetiese analise in volwasse kandidiase pasiënte beïnvloed. Die plasmakonsentrasies neem af met toenemende gewig. Daar is voorspel dat die gemiddelde blootstelling ongeveer 23 % laer sou wees in 'n volwasse pasiënt wat 80 kg weeg, as in 'n volwasse pasiënt wat 60 kg weeg.
Hepatiese inkorting: In volwasse pasiënte met ligte en matige hepatiese inkorting, word die AOK onderskeidelik met 20 en 75 % verhoog. Daar is geen kliniese ondervinding in volwasse pasiënte met ernstige hepatiese inkorting, en in pediatriese pasiënte met enige mate van hepatiese inkorting nie. In 'n meervoudige dosis studie is getoon dat 'n dosisverlaging van die daaglikse dosis tot 35 mg in volwasse pasiënte met matige hepatiese inkorting, 'n AOK bied wat soortgelyk is aan die wat verkry is in volwasse proefpersone met normale hepatiese funksie wat die standaardregime ontvang (sien afdeling 4.2).
Renale inkorting: In 'n kliniese studie van enkel 70 mg doserings, was die farmakokinetieka van kaspofungien soortgelyk in volwasse vrywilligers met ligte renale inkorting (kreatinienopruiming 50 tot 80 ml/min) en kontrole proefpersone. Matige- (kreatinienopruiming 31 tot 49 ml/min), gevorderde- (kreatinienopruiming 5 tot 30 ml/min) en eindstadium nierversaking (kreatinienopruiming <10 ml/min en dialise afhanklik) het kaspofungien plasma konsentrasies matig verhoog, na enkeldosis toediening (reeks: 30 tot 49 % vir AOK). In volwasse pasiënte met indringende kandidiase, esofagus kandidiasis of indringende aspergillose wat veelvuldige daaglikse 50 mg kaspofungien doserings ontvang het, was daar egter geen beduidende effek van ligte tot gevorderde nierinkorting op kaspofungien konsentrasies nie. Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met renale inkorting nie. Kaspofungien is nie dialiseerbaar nie, dus is aanvullende dosering nie nodig na hemodialise nie.
Geslag: Kaspofungien plasmakonsentrasies was gemiddeld 17 tot 38 % hoër in vrouens as in mans.
Bejaardes: 'n Beskeie toename in AOK (28 %) en K_{24h} (32 %) is in ouer manlike proefpersone waargeneem in vergelyking met jong manlike proefpersone. In pasiënte wat empiries behandel is of wat indringende kandidiase gehad het, was 'n soortgelyke beskeie effek van ouderdom in ouer pasiënte waargeneem in vergelyking met jonger pasiënte.

Pediatriese populasie
In adolessente (tussen 12 en 17 jaar) wat kaspofungien 50 mg/m² (maksimum 70 mg daagliks) daagliks ontvang, is die kaspofungienplasma $AOK_{0\text{-}24uur}$ oor die algemeen vergelykbaar met die wat in volwassenes wat 50 mg kaspofungien daagliks ontvang.
In kinders (ouderdomme 2 tot 11 jaar) wat kaspofungien 50 mg/m² (maksimum 70 mg daagliks) daagliks ontvang, is die kaspofungien plasma $AOK_{0\text{-}24uur}$ na meervoudige dosisse vergelykbaar met die wat gesien word by volwassenes wat kaspofungien 50 mg/dag ontvang.
In jong kinders en kleuters (ouderdomme 12 tot 23 maande) wat kaspofungien 50 mg/m² (maksimum 70 mg daagliks) daagliks ontvang, is die kaspofungien plasma $AOK_{0\text{-}24uur}$ na meervoudige dosisse vergelykbaar met die wat gesien word in volwassenes wat 50 mg kaspofungien daagliks ontvang en by ouer kinders (2 tot 11 jaar) wat die daaglikse dosis van 50 mg/m² ontvang**.**
Oor die algemeen is die beskikbare farmakokinetiese-, effektiwiteits- en veiligheidsdata beperk in pasiënte van 3 tot 10 maande oud.
In pasgeborenes en babas (< 3 maande) wat kaspofungien teen 25 mg/m² (ooreenstemmende gemiddelde daaglikse dosis van 2,1 mg/kg) daagliks ontvang, word die kaspofungien piekkonsentrasie (K_{1uur}) en kaspofungien trog konsentrasie (K_{24uur}) na meervoudige dosisse vergelykbaar met die wat gesien word in volwassenes wat 50 mg kaspofungien daagliks ontvang. Die effektiwiteit en veiligheid van kaspofungien is nie voldoende bestudeer in voornemende kliniese proewe wat pasgeborenes en babas jonger as 3 maande oud betrek nie.

6 FARMASEUTIESE EIENSKAPPE
6.1 Lys van onaktiewe bestanddele
Sukrose, Mannitol (E421), Koolstofdioksied (E290) (pH-aanpassing), Soutsuur, konsentraat (E507) (pH-aanpassing), Natriumhidroksied (E524) (pH-aanpassing), Water vir inspuiting.

6.2 Onverenigbaarhede
Moet nie meng met verdunningsmiddels wat dekstrose bevat nie, aangesien CASFIN nie stabiel is in verdunningsmiddels wat dekstrose bevat nie. In die afwesigheid van verenigbaarheidstudies, moet CASFIN nie met ander medisyne gemeng word nie.

6.3 Rakleeftyd
36 maande (bewaar by 2 ºC tot 8 ºC).
Na hersamestelling kan CASFIN 50 en 70 mg poeier vir konsentraat vir oplossing vir infusie tot 24 uur by of benede 25 ºC bewaar word. Stabiliteitsdata het getoon dat CASFIN 50 en 70 mg poeier vir konsentraat vir oplossing vir infusie binne 24 uur gebruik kan word wanneer dit by 25 ºC of benede bewaar word, of binne 48 uur wanneer die intraveneuse infusiesak (bottel) in 'n yskas bewaar word (2 ° C tot 8 ºC) en verdun is met natriumchloriedoplossing 9 mg/ml (0,9 %), 4,5 mg/ml (0,45 %) of 2,25 mg/ml (0,225 %) vir infusie, of Ringerslaktaat oplossing. CASFIN bevat geen preserveermiddels nie. Vanuit 'n mikrobiologiese oogpunt moet CASFIN onmiddellik gebruik word. Indien nie onmiddellik gebruik word nie, is die in-gebruik bewaringstye en -voorwaardes voor gebruik die verantwoordelikheid van die gebruiker en is dit gewoonlik nie langer as 24 uur by 2 ° C tot 8 ° C nie, tensy hersamestelling en verdunning plaasgevind het onder gekontroleerde, gevalideerde aseptiese toestande .

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring
Onoopgemaakte flessies: Bewaar in 'n yskas (2 °C tot 8 °C). Vir bewaringstoestande na hersamestelling en verdunning van CASFIN, sien afdeling 6.3.

6.5 Aard en inhoud van houer
CASFIN 50: 10 ml glas flessie met 'n rubberprop en 'n aluminiumseël met 'n rooi plastiek afwip dop.
CASFIN 70: 10 ml glas flessie met 'n rubberprop en 'n aluminiumseël met 'n oranje plastiek afwip dop.
'n Enkel flessie is verpak in 'n buitenste karton.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir vernietiging en ander hantering
Hersamestelling van CASFIN
MOET GEEN VERDUNNINGSMIDDELS WAT DEKTROSE BEVAT GEBRUIK NIE.
CASFIN is nie stabiel in verdunningsmiddels wat dekstrose bevat nie.
MOET NIE CASFIN MET ENIGE ANDER GENEESMIDDELS MENG, OF GELYKTYDIGE INFUSIE TOEDIEN NIE.
Daar is geen data beskikbaar oor die verenigbaarheid van CASFIN met ander intraveneuse stowwe, bymiddels of medisyne nie.
Inspekteer die infusie oplossing visueel vir sigbare deeltjies of verkleuring. Moet nie die oplossing gebruik indien die oplossing troebel is of neerslag gevorm het nie. CASFIN is geformuleer om die volle geëtiketeerde dosis per flessie (50 mg of 70 mg) te verskaf wanneer 10 ml uit die flessie onttrek word.

Instruksies vir gebruik in volwassenes
Stap 1: Hersamestelling van flessies
Vir hersaamstelling van die verpoeierde medisyne, bring die verkoelde CASFIN flessie tot kamertemperatuur en voeg asepties 10,5 ml Steriele Water vir Inspuiting by. Die konsentrasies van die hersaamgestelde flessies sal wees: 7,2 mg/ml (70 mg flessie) of 5,2 mg/ml (50 mg flessie).
Die wit tot naaswit kompakte poeier sal heeltemal oplos. Meng versigtig totdat 'n helder oplossing verkry word. Hersaamgestelde oplossings moet visueel ondersoek word vir sigbare deeltjies of verkleuring. Hierdie hersaamgestelde oplossing kan vir tot 24 uur by of benede 25 ° C bewaar word.

Stap 2: Byvoeging van Hersaamgestelde CASFIN by die infusieoplossing van die pasiënt
Verdunningsmiddels vir die finale pasiëntinfusie oplossings is: Steriele Soutoplossing vir Inspuiting of Ringerslaktaatoplossing. Die standaard pasiënt infusie word voorberei deur aseptiese byvoeging van die gepaste hoeveelheid hersaamgestelde CASFIN (soos getoon in die onderstaande tabel) tot 'n 250 ml intraveneuse sak of bottel. Infusies met verminderde volume in 100 ml kan, indien medies nodig, gebruik word vir daaglikse dosisse van 50 mg of 35 mg. Moet nie gebruik indien die oplossing troebel is of neerslag gevorm het nie. Hierdie infusie oplossing moet binne 24 uur gebruik word indien dit by of benede 25 ° C geberg word, of binne 48 uur indien dit in die yskas gestoor word by 2 tot 8 ° C. CASFIN moet toegedien word deur stadige intraveneuse infusie oor ongeveer 1 uur.

Voorbereiding van die infusie oplossings vir volwasse pasiënte

DOSIS*	Volume van hersaamgestelde CASFIN vir oordrag na intraveneuse sak of bottel	Standaard voorbereiding (hersaamgestelde CASFIN bygevoeg by 250 ml) finale konsentrasie	Verminderde volume infusie (hersaamgestelde CASFIN bygevoeg by 100 ml) finale konsentrasie
70 mg	10 ml	0,28 mg/ml	Nie aanbeveel nie
70 mg (van twee 50 mg flessies)**	14 ml	0,28 mg/ml	Nie aanbeveel nie
50 mg	10 ml	0,20 mg/ml	0,47 mg/ml
35 mg vir matige hepatiese inkorting (van een 70 mg flessie)	5 ml	0,14 mg/ml	0,34 mg/ml
35 mg vir matige hepatiese inkorting (van een 50 mg flessie)	7 ml	0,14 mg/ml	0,34 mg/ml

*10,5 ml moet gebruik word vir hersamestelling van alle flessies.
** Indien 'n 70 mg flessie nie beskikbaar is nie, kan die 70 mg dosering uit twee 50 mg flessies berei word.

Instruksies vir gebruik in pediatriese pasiënte
Berekening van Liggaamsoppervlakte area (LOA) vir pediatriese dosering
Bereken die liggaamsoppervlakte area (LOA) van die pasiënt voordat die infusie voorberei word deur die volgende formule (Mosteller Formule) te gebruik:

$$LOA\ (m^2) = \sqrt{\frac{\text{Lengte (cm) x Gewig (kg)}}{3600}}$$

Voorbereiding van die 70 mg/m² infusie vir pediatriese pasiënte > 3 maande oud (met gebruik van 'n 70 mg flessie)
1. Bepaal die werklike ladingsdosis wat in die pediatriese pasiënt gebruik moet word deur die LOA van die pasiënt (soos hierbo bereken) en die volgende vergelyking te gebruik:
   LOA (m²) X 70 mg/m² = Ladingsdosis
   Die maksimum ladingsdosis op Dag 1 moet nie 70 mg oorskry nie, ongeag die berekende dosis van die pasiënt.
2. Bring die verkoelde flessie van CASFIN in ewewig met kamertemperatuur.
3. Voeg 10,5 ml Steriele Water vir Inspuiting, asepties by. Hierdie hersaamgestelde oplossing kan vir tot 25 uur by 25 ° C bewaar word. Dit sal 'n finale kaspofungien konsentrasie van 7,2 mg/ml in die flessie gee.
4. Verwyder die volume van medisyne gelykstaande aan die berekende ladingsdosis (Stap 1) vanuit die flessie. Dra hierdie volume (ml) hersaamgestelde CASFIN asepties oor na 'n IV -sakkie (of -bottel) wat 250 ml van 0,9 %, 0,45 % of 0,225 % Natriumchloriedinspuiting of Ringerslaktaat Inspuiting bevat. Alternatiewelik kan die volume (ml) hersaamgestelde CASFIN bygevoeg word tot 'n verminderde volume van 0,9 %, 0,45 % of 0,225 % Natriumchloriedinspuiting of Ringerslaktaat Inspuiting, om nie die finale konsentrasie van 0,5 mg/ml te oorskry nie. Hierdie infusie oplossing moet binne 24 uur gebruik word indien dit by of benede 25 ° C geberg word of binne 48 uur indien dit in die yskas bewaar word by 2 tot 8 ° C.
5. Indien die berekende ladingsdosis minder as 50 mg is, kan die dosis voorberei word uit die 50 mg flessie [volg Stappe 2 tot 4 van die *Voorbereiding van die 50 mg/m² infusie vir pediatriese pasiënte > 3 maande oud (met gebruik van 'n 50 mg flessie)]*. Die finale kaspofungien konsentrasie in die 50 mg flessie na hersamestelling is 5,2 mg/ml.

Voorbereiding van die 50 mg/m² infusie vir pediatriese pasiënte > 3 maande oud (met gebruik van 'n 50 mg flessie)
1. Bepaal die daaglikse onderhoudsdosis wat in die pediatriese pasiënt gebruik moet word deur die LOA van die pasiënt (soos hierbo bereken) en die volgende vergelyking te gebruik:
   LOA (m²) X 50 mg/m² = Daaglikse Onderhoudsdosis
   Die daaglikse onderhoudsdosis moet nie 70 mg oorskry nie, ongeag die berekende dosis van die pasiënt.
2. Bring die verkoelde flessie van CASFIN in ewewig met kamertemperatuur.
3. Voeg 10,5 ml Steriele Water vir Inspuiting asepties by. Hierdie hersaamgestelde oplossing kan vir tot 24 uur by 25 ° C gestoor word. Dit gee 'n finale kaspofungien konsentrasie van 5,2 mg/ml, in die flessie.
4. Verwyder die volume CASFIN gelykstaande aan die berekende daaglikse onderhoudsdosis (Stap 1) uit die flessie.
5. Dra hierdie volume (ml) hersaamgestelde CASFIN asepties oor na 'n IV- sakkie (of - bottel) wat 250 ml 0,9 %, 0,45 %of 0,225 % Natriumchloriedinspuiting of Ringerslaktaat Inspuiting bevat. Alternatiewelik kan die volume (ml) hersaamgestelde CASFIN bygevoeg word tot 'n verminderde volume van 0,9 %, 0,45 % of 0,225 % Natriumchloriedinspuiting of Ringerslaktaat Inspuiting, om nie die finale konsentrasie van 0,5 mg/ml te oorskry nie. Hierdie infusie oplossing moet binne 24 uur gebruik word indien dit by 25 ° C of benede gestoor word, of binne 48 uur indien dit in die yskas gestoor word by 2 tot 8 ° C.
6. Indien die werklike daaglikse onderhoudsdosis > 50 mg is, kan die dosis voorberei word uit die 70 mg flessie [volg Stappe 2 tot 4 van die *Voorbereiding van die 70 mg/m² infusie vir pediatriese pasiënte > 3 maande of ouer (met gebruik van 'n 70 mg flessie)]*. Die finale kaspofungien konsentrasie in die 70 mg flessie, na hersamestelling is 7,2 mg/ml.

7 HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT
Kahma Biotech (Edms) Bpk. 16de Weg, 106, Midrand

8 REGISTRASIENOMMERS
CASFIN 50: 55/20.2.2/0236
CASFIN 70: 55/20.2.2/0237

9 DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING/HERNUWING VAN DIE GOEDKEURING
7 Junie 2022

10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS
N.A.

310 mm

Dimensions: 310 x 570 ± 2 mm
Font Style: Helvetica Neue LT Com
Font Size: 6 pt
Text matter print both sides on Bible Paper with 3 columns.